# 444. IS JY 'N SONDAAR?<br>(KWEL JOU NIE MEER)

**C G**
1. Is jy 'n sondaar, 'n nietige sondaar?

As jy net glo dat Yahweh daarbo
**C F C**
jou nader sal bring,
**F**
Hy wys die weg aan, niks kan jou keer;
**C G**
moet tog nie wag, Hy gee jou krag,
**G F**
kwel jou nie meer.

**C F**
*Refrein:* Kwel jou nie meer oor môre;
**C**
as jy die Vader sal vra,
**G**
gee Hy jou krag om elke dag
**C F C**
jou vloekpaal te dra.
**C F**
Kwel jou nie meer oor môre,
**C**
want môre~is vir jou dalk nie meer.
**G**
Moet tog nie wag, Hy help vandag,
**C F C**
kwel jou nie meer.

**C G**
2. Moet jou nie kwel nie, dink nie aan môre;

keer jou tot Hom, van wie alles kom,
**C F C**
Hy laat jou oorwin.
**F**
Al lyk dit donker, help Hy jou weer;
**C F**
moet tog nie wag, Hy gee jou krag,
**G F**
kwel jou nie meer.